

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Kom ons raak intensioneel bewus van die teenwoordigheid van God.

TOETREDE:

Ons begin ons trede vandag met 'n gebed. Ons sing die gebed, gesang 266 ~ Ons Vader wat woon in die hemel.

VOTUM:

Die wat op die Here vertrou, is soos Sionsberg wat nie wankel nie en altyd bly staan. Soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm, so beskerm die Here sy volk.

SEËN:

Geliefdes; genade en vrede vir ons van God ons Vader, van Jesus Christus die Here en van die Heilige Gees.

SANG:

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

Terwyl ons bly sit, sing ons 'n lied wat praat oor die jaarwisseling. Jaar en maand en dag, elke vlugtige sekonde het u liefde en u trou steeds oor my die wag gehou ~ Gesang 571: 1, 2 en 4.

BENOEMING VAN KATEGETE:

Die volgende persone is deur die kerkraad benoem as kategete vir 2024:

- (i) Marna Botha ~ Graad 1 & 2
- (ii) Cecilia Barnard ~ Graad 3, 4 & 5 (Kategesehoof)
- (iii) Michelle du Toit ~ Graad 6 & 7
- (iv) Elanie le Roux ~ Graad 8 & 9
- (v) Dr Hannes Janse van Rensburg ~ Graad 10 & 11

Zuurfontein Gemeente neem met dankbaarheid kennis dat u bereid is om dienswerk as kategeet in die gemeente te verrig. Die kategese is deel van die Kerk se werk waardeur katekisasië aan die hand van die voorgeskrewe kategesehandleidings onderrig word in die Bybel, die geloofsleer en die kerkgeskiedenis. Hierdie opdrag vind plaas met die oog op die katekisasië se openbare

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

aflegging van geloofsbelydenis. Om hierdie onderrig na behore te kan gee, is die volgende vereistes vir kategete nodig:

- Belydende lidmate van die Kerk wees
- Gereelde en getroue kerkgangers wees
- Voortdurend met geesdrif bereid wees om hulle toe te rus en toegerus te word
- In leer en lewe, in die besonder vir die kinders en jongmense, maar ook vir die hele gemeente, navolgenswaardige voorbeelde wees
- Vriendelike en bedagsame mense wees wat die vermoë het om vir elke onderriggeleentheid deeglik voorbereid, getrou en stiptelik te wees
- Ook bereid wees om hulle dienswerk met vrymoedigheid onder die kerklike opsig te verrig

Vraag aan kategete: Belowe u om hierdie dienswerk as kategeet na die beste van u vermoë te verrig en om u in die kategetiese onderrig te verbind aan die Skrif en belydenis van die Kerk?

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

SEËNBEDE:

Ons vra die kategete om na die gemeente toe te draai.
Ons sing vir hulle die seënbede toe ~Gesang 268, daarna
op dieselfde melodie ~ Psalm 134: 1-2. Die Melodie speel
nog 'n keer, maar ons gaan dan almal ons plekke inneem.

SKRIFLESING:

LIEFDE ... Die tema waaroor loshande die meeste liedjies
gaan. Dit maak nie eers saak in watter taal dit gesing
word nie ~ love makes the world go around ... love
changes everthing. Dink bietjie hoeveel boeke wat al
geskryf is, gaan nie op die een of ander manier oor die
liefde nie.

Dan is daar die Bybel, die Woord van God, ons maatstaf
en rigsgnoer, ons GPS. Die Bybel is 'n boek van liefde.
Liefde loop soos 'n goue draad vanaf Genesis tot
Openbaring regdeur die Bybel. Die Bybel kan opgesom
word met die woord LIEFDE, want so lief het God die
wêreld gehad.

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

Toe Jesus op aarde was het baie moedswillige en ongelowige mense Jesus probeer vasvra. So het dit op 'n dag gebeur dat 'n geleerde in die Joodse wette probeer het om Jesus vas te vra: Sê vir ons, van al God se wette, watter een is die heel belangrikste? Jesus antwoord hom (let op die rol van liefde): Jy moet die Here, jou God, LIEFHÊ met alles wat jy is en het: met jou hele hart en siel en met alles wat jy dink. Daar is 'n tweede een wat net so belangrik is: jy moet LIEFDE bewys aan ander mense wat oor jou pad kom, asof hulle jyself is (Matteus 22: 36-39, 2022).

God is liefde en ek en jy moet liefde wees!

1 JOHANNES 4: 7-12

⁷Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.

⁸Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. ⁹Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. ¹⁰Werklike liefde is dít: nie

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

¹¹Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. ¹²Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

In Johannes 5: 24 staan daar: Dit verseker ek julle: wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die Ewige Lewe.

PREEK:

Die fokus teks vir ons prediking is 1 Johannes 4: 8: Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. Die 2022 vertaling (Die nuwe Nuwe Testament) sê: Die persoon wat egter nie liefhet nie, ken God nie, want God is liefde.

Toe ek hierdie gedeelte tydens persoonlike Bybelstudie gelees het, het ek saam gewonder daaroor. Ons sou

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

hierdie fokus teks ook anders kon skryf: 'n mens kan God leer ken, deur ander mense lief te hê. Ek herhaal: 'n Mens kan God leer ken deur ander mense lief te hê. Dit maak die Bybel se liefde, God se liefde, soveel anders as die liefde van die wêreld. In die liefde van die wêreld gaan dit in wese oor myself, wat kan ek daaruit kry? Wat is daar in vir my? Die liefde van die wêreld ken nie van gee nie.

As iemand vir ons uit die bloute sou vra: Hoe kan ek kennis van God opdoen (hoe kan ek God leer ken)? Is ek seker een of meer van die volgende antwoorde sou op ons lippe gewees het: ons leer God in die Bybel ken, ons leer God in die natuur ken, ons moet met ander gelowiges gesels oor God, ons moet na internet uitsendings oor God kyk en luister, ons moet gereeld eredienste bywoon. In kort is dit belangrik om kerk toe te gaan en gereeld Bybel te lees, want so leer ons God ken.

Al hierdie antwoorde is ook reg! (Soos 'n ou geliefde en gerespekteerde professor sou gesê het) Maar Johannes kies in hierdie gedeelte 'n ander vertrek punt. Hy gee 'n

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

verrassende ander antwoord op die vraag: Hoe leer ons God ken? Johannes se antwoord is LIEFDE. Johannes sê LIEFDE is kennis van God. Deur LIEFDE leer ek God ken.

As jy wil weet wie God is, hoe God se hart lyk, konsentreer op die uitleef van Goddelike liefde. As jy wil leer hoe God met mense werk, ervaar die liefde. As jy iets van God se wese wil verduidelik, bewys die liefde. As jy iets van God se teenwoordigheid wil ervaar, soek sy teenwoordigheid waar mense mekaar liefhet. Want, God is liefde!

Hierdie lering, woorde van Johannes het verrykende gevolge vir die manier waarop ons lewe, vir die manier waarop ons omgaan met die mense wat God daagliks op ons pad plaas. Daai mense om die tafel by my huis, daai mense by die werk, daai mense in die winkel, daai mense by die skool. As ons daai mense nie met Goddelike liefde behandel nie, ken ons God nie, verstaan ons nie sy wese nie en luister ons nie na sy wil nie.

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

Dink 'n bietjie hoe hierdie kennis van God, naamlik LIEFDE, jou lewe kan verander ... die mense om jou se lewe kan verander. In die liefde van God lê daar soveel in opgesluit: vergifnis, omgee, gee, deernis, hulp, vriendelikheid, verdraagsaamheid, respek, vertroosting, ondersteuning, vertrou, aanvaarding ens. ens.

Dit is hierdie liefde van God wat die wêreld telkens verander het. God se liefde het alles geskep. God se liefde het Adam en Eva 'n nuwe begin gegee. God se liefde het die volk Israel uit Egipte gelei. God se liefde het die volk telkens vergewe en 'n nuwe begin gegee. God se liefde het Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur om ons sonde op Hom te neem. God se liefde het gemeente op gemeente telkens opgetel en uitgestuur. God se liefde het Paulus die evangelie laat verkondig. God se liefde maak die ewige lewe moontlik. God se liefde ... laat ons die liefde nou gaan leef!

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

Dit is hierdie liefde van God wat jou huwelik steeds kan verander. Dit is hierdie liefde van God wat elke gemeente kan verander. Dit is hierdie liefde van God wat die liefdelose wêreld waarin ons leef kan verander.

Ek lees die ander dag die bekende Nuwe-Testamentikus, NT Wright, se woorde: *What God launched decisively in Jesus, he wants to complete in and through us. As Jesus unveiled God before a surprised and unready world, so must wee. Love is that important.*

Ons lees in 1 Korintiërs 13 en sing in Gesang 530 hieroor. Al die tale, profesieë, met die tyd gaan dit verby. Net die liefde, die volmaakte, sal vir altyd bly. Geloof gee troos en rigting; na die toekoms reik die hoop. Liefde is en bly die grootste: Liefde sluit die lewe oop!

Ek wens (bid) dat elkeen van ons God in hierdie jaar sal leer ken, deur LIEFDE uit te deel. So sal ons nie net elkeen God leer ken nie, maar ons sal God deur ons liefde aan die wêreld bekend maak.

EPIFANIE: Christus in die wêreld

Tekste: Matteus 22: 36-39 (2022); Johannes 5: 24 (1983); 1 Johannes 4: 7-12 (1983)

Fokus teks: 1 Johannes 4: 8 (1983).

Liedere: Gesang 266; Gesang 571: 1, 2 en 4; Gesang 268; Psalm 134: 1-2; Gesang 530: 1-3.

Amen.

GEBED:

SEËNGROET:

Die genade van die Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by ons almal wees (2 Korintiërs 13: 13). Amen

WEGSENDING:

Sonder liefde is ek niks. Sonder liefde sal my gawes, al my ywer, my nie baat. Net die liefde, die volmaakte, kom en sal vir altyd bly. Liefde is en bly die grootste: Liefde sluit die lewe oop ~ Gesang 530: 1-3